



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



2017-2022



SOSIALE IMPAK STRATEGIESE PLAN

INHOUD

Bestuursopsomming	2
DEEL EEN: OORGANG VAN GEMEENSKAPSINTERAKSIE NA SOSIALE IMPAK	
1. Agtergrond	4
2. Kenmerke en bates van Gemeenskapsinteraksie by die Universiteit Stellenbosch	5
3. Herdefiniëring van Gemeenskapsinteraksie as Sosiale Impak	8
DEEL TWEE: TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK VAN SOSIALE IMPAK	
4. Teorieë en konsepte wat verband hou met Sosiale Impak	9
5. Voorwaardes vir die implementering van Sosiale Impak	12
6. Definisies	14
DEEL DRIE: OPDRAG VIR DIE IMPLEMENTERING VAN SOSIALE IMPAK	
7. Beginsels van Sosiale Impak	14
8. Institusionele doelstellings vir Sosiale Impak	15
9. Belyning van Sosiale Impak by die Institusionele Voorneme en Strategie	16
10. Sosiale Impak-tipologie	17
10.1 Verbonde Leer en Onderrig	18
10.2 Verbonde navorsing	19
10.3 Kokurrikulêre SI: Vrywilligersdiens en Openbare diens	
10.4 Spesiale SI-programme	
10.5 Samelewingsinteraksie en die bou en instandhouding van vennootskappe	
11. Kriteria vir Sosiale Impak	20
12. Toesig en beheer van Sosiale Impak	21
11.1 Toesig en beheer op institusionele vlak	
11.2 Toesig en beheer op fakulteitsvlak	
11.3 Toesig en beheer op studentevlak	
11.4 Toesig en beheer in Professionele Administratiewe Steundiens (PASD)	
13. Bestuur van Sosiale Impak	22
12.1 Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	
12.2 Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	
12.3 Strategieë van Sosiale Impak	
12.4 Funksies van die Afdeling vir Sosiale Impak	
12.5 Interne skakelings met PASD-afdelings	24
14. Evaluering en beoordeling van Sosiale Impak	25
15. Finansiële Volhoubaarheid van Sosiale Impak	26

Bestuursopsomming

Gemeenskapsdiens is vir dekades 'n integrale deel van die Universiteit Stellenbosch (US), hoewel in verskillende vorme en met verskuiwende beklemtoning. Filantropie- en welsynsnoed het vroeëre pogings oorheers. Tydens die afgelope dekade het die klem na Gemeenskapsinteraksie (GI) – d.w.s. kennisgebaseerde interaksies as deel van die kurrikulum (diensleer) en die kokurrikulum (gestruktureerde vrywilligersdiens) sowel as samelewingsrelevansie van navorsing en innovasie verskuif. Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie het in 2014 'n eksterne evaluering ondergaan wat daarop uitgeloop het om vernuwend en innoverend oor die Universiteit Stellenbosch se rol in die samelewing te dink. Die Institusionele Voorneme en Strategie (2013-2018) (IVS) en later die Institusionele Plan (2016-2021) (IP) het rigting gegee aan hierdie Sosiale Impak Strategiese Plan (SISP) (waarna voortaan as die Plan verwys sal word).

In hierdie plan is Sosiale Impak (SI) in die IVS gefundeer, wat die drie strategiese prioriteite van die US as “verbreding van toegang, handhawing van 'n momentum van voortreflikheid en verhoogde samelewingsimpak” voorstaan. Die US se strategiese posisionering vir die 21ste eeu is gegrondves in die skep en instandhouding van 'n omgewing van inklusiwiteit, transformasie, innovering en diversiteit, en die handhawing van voortreflikheid met die oog op die toekoms.

SI verleen stukrag aan die derde prioriteit van die IVS deur 'n gunstige posisie vir wedersydse kontak tussen die Universiteit en die samelewing te skep, wat die voorneme van relevansie deur die kernfunksies van leer en onderrig, navorsing en innovasie te fasiliteer. Universiteitsdeskundigheid word gekomplementeer deur samelewingspraktyk met die oog op samewerkende kennisskepping wat innoverend en toekomsgerig is. Dit word gedoen deur interaksie vir die wedersydse voordeel met eksterne samelewingsvennote wat doelgerig en selektief gesoek word.

As 'n hoërondwysinstelling beskou die US sy verantwoordelikheid teenoor die land en die kontinent as deurslaggewend in die proses om korporatiewe burgerskap te demonstreer. Dit word getoon deur die strewe om sistemies transformerende sosiale impak as die uiteindelijke doel te stel, deur middel van institusionele samewerkingsaktiwiteite met interne en eksterne rolspelers, terwyl die waardes van gedeelde verantwoordelikheid, empatie en leierskap in diens van ander gehandhaaf word. Sosiale Impak, waar die welwees van die samelewing 'n sleuteldoelstelling is, met sosiale geregtigheid as verbintenis, is in die kultuur van die Universiteit gevestig.

Die US is, as 'n instelling in die samelewing, van plan om sy invloed op die sosiale struktuur van 'n demokratiese gemeenskap te vergroot op die politieke, ekonomiese en ekologiese terreine, sowel as die burgerlike gemeenskap-sfeer met inbegrip van gesinslewe, kultuur, kuns, onderwys, sport, gesondheid, openbare redevoering, openbare meningsvorming,

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

openbare beleidsbepaling, ens. Daar is op al hierdie terreine sosiale groeperinge wat 'n gemeenskaplike belang by gedeelde doelstellings het en saamwerk om dit te bereik.

Die missie van SI wat die US dus aanvaar is dat dit 'n institusionele strategiese prioriteit is waardeur die Universiteit homself daartoe verbind om belanghebbers by die Universiteit sowel as in die samelewing deur wederkerige beïnvloeding, te motiveer en aktiveer om billike maatskaplike verandering na te streef deur middel van sy kernfunksies en versweë deskundigheid in ooreenstemming met die geformaliseerde plaaslike, nasionale en internasionale ontwikkelingsdoelstellings soos die Volhoubare Ontwikkelingsdoelstellings (SDG's) van die Verenigde Nasies, die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), Provinsiale Strategiese Doelstellings (PSD's) en Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's).

Die Plan bestaan uit drie dele. In deel een word 'n oorsig van die oorgang van GI na SI verskaf. Dit bestaan uit 'n kort skets van die belangrikste eienskappe en sterk punte van GI en die bates waarop binne die paradigma van Sosiale Impak voortgebou kan word.

Teoretisering en konseptualisering is 'n integrale deel van die akademie en in hierdie geval word 'n kritiese ontleding van die konsep SI in deel twee van die Plan voorsien. 'n Teoretiese raamwerk word aangebied, gevolg deur voorwaardes wat bydra tot SI-praktyk volgens die relevante literatuur. Dit word gevolg deur 'n opsomming van die ideale toestande wat bevorderlik is vir die implementering van SI aan 'n universiteit. Die toepaslike definisies wat in die Plan gebruik word, word by hierdie deel ingesluit saam met verduidelikende aantekeninge.

Deel drie van die Plan fokus op die implementering van SI volgens die beginsels van SI aan die US wat as 'n vertrekpunt geskets word. Die belyning met die IVS en die IP volg daarna deur 'n bondige beskrywing van die doelstellings van SI soos dit in die IP aan die US vervat is en die identifisering van agt strategieë wat die implementering met die IIS in lyn bring. Hierdie belyning dui die terreine van SI aan wat tot die sukses van die IVS bydra. 'n Grafiese voorstelling van die SI-tipologie toon die vloei van die verskillende tipes SI aan terwyl elke tipe in besonderhede uitgebrei word. Die kriteria kenmerkend van SI, wat dit van ander praktyke onderskei, word bondig geformuleer en bespreek. Die gedifferensieerde oorhoofse- en lynbestuurstrukture om die institutionalisering van SI te ondersteun word uiteengesit en die Plan sluit af met die evaluering en beoordeling van SI en die finansiële volhoubaarheid van SI.

Soos die plan ontvou, word dit duidelik dat 'n onderliggende filosofie daaruit bestaan dat die Universiteit in verskillende sferes van die samelewing betrokke is waar hy op 'n sistemiese vlak verandering teweeg kan bring deur samewerking met ander, terwyl ander toegelaat word om op sy eie sistemiese transformasie as 'n instelling te impakteer. Verbonde akademieskap (engaged scholarship) en verbonde burgerskap (engaged citizenship) is die interne dryfverre om studente en personeel aan te moedig en te motiveer om praktyke te ontwikkel en te onderneem wat sosiale kapitaal in die gemeenskap genereer in ooreenstemming met en bydraend tot spesifieke

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

ontwikkelingsdoelwitte soos voorgestaan in internasionale, nasionale en streeksontwikkelingsplanne. Hierdie praktyke, gerig deur vaste beginsels, impakteer op hul beurt weer op studente deur transformerende leer wat unieke gegradueerdes oplewer terwyl dit personeel aanmoedig om verantwoordelike vakkundiges en burgers te wees. Spesifieke strukture word voorgestel om die praktyke op die verskillende oorhoofse- en lynbestuursvlakke in werking te stel, te rig en te ondersteun terwyl implementering gerig word deur prosesse wat volhoubaarheid, monitering en evaluering sal verseker.

Die bestek van die plan is vyf jaar, maar jaarlikse hersiening mag nodig wees namate die implementering ontvou.

DEEL EEN: OORGANG VAN GEMEENSKAPSINTERAKSIE NA SOSIALE IMPAK

1. Agtergrond

In 2004 is die eerste US Beleid en Plan vir Gemeenskapsinteraksie aanvaar. Die beleid het verklaar:

“Die Universiteit Stellenbosch streef daarna om ’n voortreflike, relevante en verbonde universiteit te wees wat hom daartoe verbind om binne Suid-Afrika, in Afrika en wêreldwyd ’n beduidende rol deur sy kernfunksies te speel. Die Universiteit is, in ooreenstemming met internasionale tendense, aktief betrokke by plaaslike en globale ontwikkelingsuitdagings terwyl hy sosiaal kragtige kennis en burgerlik ingestelde gegradueerdes in ’n demokratiese bedeling lewer.”

Die beleid het saamgeval met ’n bedryfsplan om die beleidsbepalings te implementeer vir ’n Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie (AGI), ’n Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat (GIK[S]), Gemeenskapsinteraksiekomitees vir die fakulteite, ’n institusionele GI-dafabasis, ’n etiese kode, ’n Rektorstoekenning vir voortreflikheid in Gemeenskapsinteraksie vir personeel sowel as studente, kredietdraende kapasiteitsboukursusse en netwerk- en adviesdienste. Die beleid is in 2009 hersien na ’n instellingwye konsultasie proses.

Die GI-plan is tussen 2006 en 2011 geïmplementeer met die toevoeging van die vestiging van vlagskipprojekte wat jaarliks uit die sentrale begroting van die Universiteit befonds word en die voorsiening vir ’n jaarlikse Rektorstoekenning vir Gemeenskapsinteraksie. In 2013 het die Universiteit die IVS ontwikkel en gepubliseer, wat die belangrikheid van verbonde akademieskap en die sterk verband met verbonde leer en onderrig sowel as navorsing en innovering bevestig het. SI was een van die hoofbeginsels van hierdie strategiese dokument, wat ’n verbetering van die Universiteit se verhouding met ander samelewingsinstellings en -belanghebbers aangedui het.

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

Teen hierdie agtergrond het die AGI in 2014 sy eerste eksterne evaluering ondergaan. Die eksterne evaluering van 2014 was bedoel om die werk van die AGI sowel as die instelling se vordering om 'n verbonde instansie te word te evalueer. Die eksterne evaluering, wat deur 'n eksterne paneel bestaande uit een internasionale en twee nasionale deskundiges gelei is, het die AGI se vordering en prestasies geprys en verklaar dat die “werk [van die Afdeling] deurgesypel het na [...] sekere terreine van die Universiteit sowel as buite die Universiteit” en het die “omvattende reeks projekte en programme wat oor die kernfunksies van die Universiteit heen strek” erken. Die paneel het ook “toenemende klem wat deur die (Afdeling] sowel as die Universiteit op gemeenskapsgebaseerde navorsing geplaas is” geprys. Die posisionering en strategiese belang van GI oor die instelling heen en die insluiting en belang van belanghebbendes was van die prominente kwessies wat uit die eksterne evaluering voortgespruit het. Die aanbevelings van die paneel het gedui op 'n verbreding van toegang en dat die begrip institusionele verbintenis deur die Universiteit sowel as die afdeling aanvaar behoort te word.

Gemeenskapsverbintenis (GV) of Burgerlikeverbintenis is een van die internasionaal aanvaarde terme wat 'n universiteit se betrokkenheid by die samelewing of gemeenskappe beskryf wat deur die hoof funksies leer en onderrig baie na aan die instansie is. 'n Aansienlike hoeveelheid literatuur bestaan in dié verband. Die eksterne paneel se aanbeveling dat die term institusioneleverbintenis aanvaar moet word, is dus in ooreenstemming met hierdie standaarde. Die aanbevelings van die eksterne paneel is baie relevant en is ingesluit by verdere besprekings oor die herposisionering van GI. Na oorweging van die term institusionele verbintenis is besluit om die naam GI met SI te vervang in ooreenstemming met die IVS se beginsel van samelewingsimpak, wat die langer weergawe van 'sosiale' met dieselfde betekenis is.

2. Kenmerke en Bates van Gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit Stellenbosch

GI aan die US is vanuit twee perspektiewe oorweeg, te wete 'n inwaartse institusionele perspektief en 'n uitwaartse verhoudingsperspektief. Die Gemeenskapsinteraksiebeleid van 2009 het die Universiteit se verbintenis tot GI en hierdie twee perspektiewe in die aanhaling in par. 2 bevestig.

Die beleid het verder verklaar:

“Die Gemeenskapsinteraksiebeleid bevestig die Universiteit se verbintenis tot en verhouding met die verskeidenheid gemeenskappe waarmee hy in wisselwerking tree. Die beleid onderskryf die Universiteit se erkenning van sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede en sy verbintenis tot toepaslike regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe”¹

1

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

Die beleid het as gids gedien vir die wyse waarop GI gestruktureer en gerig is. Gevolglik het die AGI gemeenskapsinteraksie aan die US bestuur, gekoördineer, gefasiliteer, geaktiveer en ondersteun. Die strategiese plan van die AGI is in ooreenstemming gebring met die IVS en het gefokus op die integrering van GI by leer en onderrig, navorsing, innovasie en kurrikulêre aktiwiteite soos vrywilligersaktiwiteite. Intern is GI ondersteun deur kapasiteitsboukursusse en werksessies, voortdurende raadgevende steun aan fakulteite en steundienste, 'n GI-simposium en die bou van netwerke vir kurrikulêre plasings van studente in gemeenskappe. Verbode akademieskap-modules is deel van twee meestersgraadprogramme.

Flagship Project / Vlagskipprojek	Faculty / Division
Jeugsport Inisiatief / Youth Sport Initiative	Maties Sport
Eenheid vir Sielkunde / Unit for Psychology	Lettere & Sosiale Wetenskappe/ Arts & Social Sciences
Ekklesia / Ecclesia	Teologie/ Theology
Afrika Sentrum vir MIV/VIGS Bestuur / Africa Centre for HIV/Aids Management	Ekonomiese & Bestuurswetenskappe/ Economic & Management Sciences
Matie Gemeenskapsdiens (MGD) / Matie Community Service (MCS)	Gemeenskapsinteraksie / Community Interaction
Eenheid vir Godsdienste- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) / Unit for Religion and Development Research (URDR)	Teologie/ Theology
TRAC (Technology Research Activity Centre)	Ingenieurswese/ Engineering
Forel Kleinboer / Trout Small-scale Farming	AgriWetenskappe/ AgriSciences
SciMathUS Post-Matriekjaar / Post Matric Year	Opvoedkunde/ Education
Tygerberg Footprint / Tygerberg Voetspoor	Medicine & Health Sciences / Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Ukwanda Centre for Rural Health / Ukwanda sentrum vir Landelike Gesondheid	Medicine & Health Sciences / Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Legal Aid Clinic Regshulpkliniek	Law / Regte

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

Die kokurrikulêre steun het die vorm van 'n Eenstopdiens aangeneem vir studenteleiers wat studenteprojekte en vrywilligers lei. Die kurrikulêre en kokurrikulêre aktiwiteite was meestal gerig op burgerlike gemeenskapsgroepe en -organisasies, terwyl die navorsingsaktiwiteite gebaseer was op memorandum van verstandhouding (MVF) met plaaslike en provinsiale regerings. Navorsingsverhoudinge word steeds instandgehou as deel van hierdie MVF's en daar is 'n nuwe fokus op die verdere ontwikkeling van hierdie verhoudinge. Daar bestaan nog sterk skakeling met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) deur middel van skole oor die hele Wes-Kaapstreek. Twaalf vlagskipprojekte is jaarliks uit die GI-begroting befonds. Hierbo verskyn 'n kort lys van die vlagskipprojekte of besoek <http://www.sun.ac.za/english/ci/projects/ci-flagship-projects>.

Hiernewens is die Universiteit deel van die *Cape Higher Education Consortium* (CHEC) deur middel waarvan hy 'n sterk werksverhouding met die Stad Kaapstad (SK) en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering (WKPR) het. Gesamentlike taakgroepe ontmoet gereeld en die uitvloeisels van hierdie taakgroepe is gemeenskaplike kortkursusse vir personeel, 'n gesamentlike formele akademiese program (Nagraadse Diploma [Onderrig en Leer]) en gereelde navorsingsbefondsingsoproep aan die onderskeie universiteite.

Landwyd het die US deur die AGI 'n beslissende rol gespeel met die vestiging van 'n nasionale forum vir gemeenskapsverbondenheid by Suid-Afrikaanse universiteite bekend as *South African Higher Education Community Engagement Forum* (SAHECEF).

Deur middel van hierdie forum is 'n Nasionale Navorsingstigting (NNS)-oproep vir gemeenskapsvebintenisvoorstelle gevestig wat die navorsingsagenda van baie universiteite in die veld bevoordeel het. Die forum het ook druk uitgeoefen vir die finansiering van werkplekgebaseerde leer en die befondsing van GV by universiteite. Internasionaal is die Universiteit by die Talloires-netwerk geaffilieer. Die US het verder ook die leiding geneem in die organiseringskomitee van die Talloires *Network World Leaders Conference* wat in 2014 by Spier saam met CHEC aangebied is. Die US was ook die mede-aanbieder en gasheer van twee internasionale symposia oor diensleer bekend as *ISSL* oor die afgelope 10 jaar. Gemiddeld 8-10 akademiëci het beurse ontvang om die symposia by te woon, wat in vier verskillende vastelande aangebied is, naamlik Afrika (Stellenbosch, 2005 en 2013), Asië (Ningbo, 2011), Europa (Athene, 2009) en die Verenigde State van Amerika (Indianapolis, 2007 en 2015). Ses boeke en 'n verhandelingsreeks is as gevolg van hierdie affiliasie gepubliseer, waarvan US-akademiëci van twee boeke en die verhandelingsreeks as mederedigeerders opgetree het. Die US word landwyd en internasionaal as een van die vernaamste universiteite in GV en diensleer (DL) beskou.

3. Herdefiniëring van Gemeenskapsinteraksie as Sosiale Impak

Ten einde op 'n nuwe wyse oor universiteit-gemeenskapsinteraksie en samewerking, naamlik in die paradigma van sosiale impak, te kan dink, word die volgende oorwegings aangebied:

- 3.1 *Uitdagings by die gebruik van die term 'gemeenskap'*: Verskeie debatte het die afgelope dekade in die Suid-Afrikaanse Hoër Onderwys (SAHO)-sektor voorgekom oor konseptuele duidelikheid rondom universiteit-gemeenskapsverbintenis, en wat die 'gemeenskap' van 'n universiteit behels. Die kwessie van 'n gebrek aan konseptuele duidelikheid in verband met gemeenskapsverbintenis is nie net 'n Suid-Afrikaanse probleem nie; dit word wêreldwyd ervaar. Wat dit ten grondslag lê, is 'n gebrek aan konsensus oor hoe die konsep 'gemeenskap' vertolk moet word. Daar is baie uiteenlopende interpretasies van hierdie konsep. Dit het onder andere ook negatiewe assosiasies met 'n tekortbenadering, 'n verwysing na slegs swart en arm mense, historiese skuld, religieuse paternalisme, filantropie, iets vreemds aan die akademie, ens. In hierdie Plan word die begrip 'sosiale groepering' voorgestel, wat 'n groep mense mag wees wat hulself as 'n gemeenskap beskou. Die denkbild 'gemeenskap' het ook 'n meer plaaslike fokus en sluit nie onmiskenbaar politieke, ekonomiese en ekologiese sferes van die samelewing in nie. Dit sluit ook nie al die instellings van die burgerlike gemeenskap in nie. Die begrip 'sosiaal' het ook 'n meer inklusiewe konnotasie.
- 3.2 *Gemeenskapsinteraksie en Sosiale Impak*: In die lig van die bogenoemde, en om twispunte wat deur die konsepte 'gemeenskap' en 'gemeenskapsinteraksie' ontstaan het te vermy, was dit aangewese dat die US die begrip 'sosiale impak' gebruik as 'n veel breër en meer inklusiewe konsep as die tradisionele konsep van 'gemeenskapsinteraksie'. 'Sosiale impak' sluit GI in, maar is breër as GI soos dit aan die US beoefen is. Die Verantwoordelike Sentrum Sosiale Impak, Transformasie en Personeel se sakeplan het in 2015 verklaar dat SI kan bou op die bates wat oor die afgelope dekade deur GI behaal is terwyl stukrag aan die breër fokus van SI aan die Universiteit verleen, gegee word.
- 3.3 *Vennote vir Sosiale Impak*: 'n 21ste-eeu universiteit is, hoofsaaklik, onderling met drie groeperinge verbind, naamlik regering, industrie en burgerlike samelewing. Dit is bekend as die sogenaamde Viervoudige heliks². In terme van die viervoudige heliks het SI al die sferes van 'n demokratiese samelewing as fokus. Dit sluit in die korporatiewe sektor, die politieke sektor insluitende alle politieke instellings op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke; die burgerlike samelewing met alle burgerlike individue en instellings - van die intieme sirkels van familie en vriendskap

²Cooper, D. (2011) *The University in Development: case studies of use-oriented research*. Cape Town, HSRC Press.

tot -kultuur, -kuns -sport, -opvoedings en geloofsinsettings; die media, sosiale bewegings, vrywilligerbewegings en nie-regeringsorganisasies. Sosiale impak is transformatief, ontwikkelingsgerig en beliggaam die kenmerke van wisselwerking, wederkerigheid en vennootskap tussen die US en verskeie belanghebbers en rolspelers in die samelewing. Interaksie vir wedersydse voordeel met eksterne samelewingsvennote moet doelbewus en selektief deur die Universiteit gesoek te word en gebeur nie vanself nie. Vennootskappe word deur die strategiese prioriteite en waardes van die Universiteit Stellenbosch gerig.

- 3.4 *Basis van Sosiale Impak*: Die beste manier waarop enige universiteit kan optree is op die grondslag van sy leer en onderrig, navorsing en innoveringsbekwaamheid (verbonde akademieskap). Verbonde akademieskap is reeds in die IVS aanvaar en kan in die breër sosiale impak-paradigma versterk word. Die versweë kennis en vaardighede van personeel en studente vorm deel van die samestelling en skep geleenthede vir verbonde burgerskap deur kokurrikulêre verbintenisse.
- 3.5 *Konteks van Sosiale Impak*: “Hoe die Universiteit onderling met eksterne vennote verbind ten opsigte van verbonde akademieskap hang primêr af van die konteks, nie van enige onderstelling dat die burgerlike samelewing, bedryf of regering ’n behoefte het aan ’n verbintenis nie”³. Hierdie konteks versterk die begrip van wederkerigheid, gelykheid en samewerking. SI aan die US fokus op die uitdagings wat gemeenskappe in Suid-Afrika en die res van die kontinent in die gesig staar, soos onder andere verwoord in die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Volhoubare Ontwikkelingsdoelstellings van die Verenigde Nasies.

DEEL TWEE: TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK VAN SOSIALE IMPAK

4. Teorieë and konsepte wat verband hou met Sosiale Impak

Deur te bou op die teoretiese insigte van die paradigma Gemeenskapsinteraksie en te put uit die groeiende internasionale diskoers oor die sosiale impak van universiteite word ’n aantal teoretiese parameters vir Sosiale Impak hiermee aangebied.

- 4.1 *Gemeenskapsinteraksie*: GI was gebaseer op die teorie van interaksionisme en bly ’n sterk teoretiese begroning vir SI. Die teorie van interaksionisme impliseer dat mense wat dieselfde belange deel na mekaar aangetrek word en gereeld met mekaar in interaksie tree. Sodoende word sosiale velde (sosiale groepe wat energie

³ Cooper, D. (2011) The University in Development, p.355.

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

projekteer) gevorm wat uiteindelik tot gemeenskapsvelde mag lei wat praktykgemeenskappe mag wees of nie. Hierdie velde is oop, dinamies en deurdringbaar. Terwyl 'n universiteit in sosiale velde en gemeenskapsvelde optree, mag hy tegelyk op baie sosiale velde reageer weens die veelvuldigheid van sy belange in die verskillende fakulteite en afdelings. Simboliese interaksionisme dui daarop dat daar verskillende betekenis en prosesse onderliggend aan hierdie interaksie is, wat simbolies is vir die partye wat reageer en 'n betekenisvolle konteks skep en die waardes of oortuigings van diegene wat reageer mag verander of versterk⁴.

4.2 *Sosiale Impak:* Uit die vakrigting Sielkunde het Latané⁵, 'n sielkundige, verskeie artikels oor die teorie van sosiale impak geskryf en verklaar: “Die teorie ... verteenwoordig 'n poging om idees aan te pas, te integreer en te formaliseer wat aanvanklik deur onder andere die sosioloog Stewart Dodd, sterrekundige JQ Stewart, antropoloog-geograaf-taalkundige George Kingsley Zipf en sielkundiges Kurt Lewin en SS Stevens ontwikkel is”⁶. SI is die resultaat van sosiale magte in 'n magteveld van sosiale struktuur. Sosiale magte sal trefkrag hê in ooreenstemming met hul sterkte, onmiddelikheid en die aantal bronne wat terselfdertyd werksaam is, soos 'n gloeilampie wat sterker is wanneer die wattverbruik toeneem. SI is generies gebaseer op die beginsel dat mense ander mense beïnvloed en die grootste aantal mense wat 'n saak die hardste dryf sal suksesvol wees. Latané definieer SI as:

“Enige van die grootste verskeidenheid veranderinge in fisiologiese toestande en subjektiewe gevoelens, motiewe en emosies, kennisies en oortuigings, waardes en gedrag wat in 'n individu, menslik of dierlik, voorkom as 'n gevolg van die werklike, geïmpliseerde of verbeelde teenwoordigheid of aksies van ander individue”⁷.

4.3 *Interpretasie van sosiale impak:* Latané se interpretasie kan positiewe en negatiewe gevolge hê. Vir die gemarginaliseerde kan dit 'n manier wees om in groot getalle (soos tydens betogings) om oorlewing te veg, terwyl dit vir die invloedryke 'n manier mag wees om rykdom en mag te behou. Wedersydse beïnvloeding kan egter samewerkend en tot wedersydse voordeel vir die betrokke partye wees – wat die grondslag in interaksionisme onderstreep. Waar mense in interaksie met mekaar tree ontwikkel idees, aksies en prosesse en betekenis word individueel (eie menings) en kollektief daargestel. Kollektiewe betekenis kan die grondslag vir

⁴ Bridger, J.C. and Alter, T.R. (2006). Place, Community Development and Social Capital. *Journal of the Community Development Society*. 37(1): 5-18.

⁵ Latané, B. 1981. The Psychology of Social Impact. *American Psychologist*. 36(4):343-356.

⁶ Latané (1981:343).

⁷ Latané (1981:343).

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

samewerking en wedersydse beïnvloeding wees, wat uiteindelik tot praktyk, beste praktyk en innovasie kan lei.

4.4 *Teoretiese model vir SI:* Onyx⁸ het 'n teoretiese model vir SI ontwikkel wat op praktykteorie gebaseer is. In hierdie teorie word praktyke omskryf as “verpersoonlikte, materieel bemiddelde reeks menslike aktiwiteit wat sentraal georganiseer is rondom gedeelde praktiese insig” (soos in 'n universiteit). In 'n organisatoriese konteks:

“Sosiale impak verwys na die impak soos ervaar en voorsien deur individue, maar ook dié van die organisasie as 'n organisasie, onafhanklik van enige enkele lid. Die krag en volhoubaarheid van die sosiale impak van 'n organisasie sal gedeeltelik afhang van die mate waartoe dit in die gasheergemeenskap veranker is, op individuele sowel as organisatoriese vlak”⁹.

4.5 *Sosiale impak in 'n universiteit:* 'n Universiteit wat SI as 'n strategie aanvaar, behoort 'n bevorderlike omgewing te voorsien ten einde te verseker dat die praktyke van sy personeel en studente SI in onderrig en leer asook navorsing en innovasie praktyke integreer en begrond.

4.6 *Sosiale kapitaal:* Onyx ontwikkel 'n voorgestelde model vir SI met sewe proposisies. Die proposisies is gebaseer op die sterk verhouding tussen sosiale kapitaal en SI. Die konsep sosiale kapitaal het vele definisies en word om verskillende redes in verskillende kontekste gebruik. Daar is egter konsensus dat sosiale kapitaal na “konneksies onder individue” verwys¹⁰ en “... gedefinieer moet word as deel van netwerke wat duursaam en wederkerig is met norme en sanksies om hul interaksies af te dwing”¹¹. Dit dui op die belangrikheid van samewerking as 'n sleutelkomponent van SI. Impak word nie verkry deur die aksie van een persoon nie, maar eerder die kollektiewe poging van groepe mense soos in 'n sosiale belangveld.

4.7 *Waardes van sosiale kapitaal:* Waardes wat sosiale kapitaal onderstreep is vertrouwe, wederkerigheid en bemagtiging (die vermoë om proaktief op te tree). Twee vorms van sosiale kapitaal word onderskei, naamlik oorbruggings- en bindingskapitaal. Bindingskapitaal verwys na solidariteit onder mense wat in dieselfde waardes glo tot die mate waartoe dit ander kan uitsluit terwyl oorbruggingskapitaal verwys na verbindings oor netwerke heen wat die deel van hulpbronne en inligting insluit¹². Party skrywers onderskei tussen ander

⁸ Onyx, J. 2014. A theoretical model of Social Impact. *Cosmopolitan Civil Societies Journal*. 6(1).

⁹ Onyx 2014:5.

¹⁰ Bridger & Alter 2006:7

¹¹ Onyx 2014:9

¹² Onyx 2014

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

kapitaalsoorte wat nou verwant aan sosiale kapitaal is, soos menslike, kulturele, ekonomiese kapitaal, ens. 'n Studie van kapitaalsoorte en hoe dit by universiteite pas is 'n studie op sigself en kan moontlik as deel van die implementeringsproses onderneem word.

4.8 Proposisies vir institusionele sosiale impak: Onyx stel 'n SI-model voor wat verband kan hou met 'n universiteit se strategie vir SI. Die sewe proposisies word hieronder opgesom deur dit aan die konteks van 'n universiteit te verbind:

- a.* SI is an ongoing process dependent on a complex set of relationships and practices and the development of core values and networks (such as the SU IIS and its operations through the core functions).
- b.* The institution itself must be welcoming and possess bonding capital in general and as it relates to those practices (such as the innovation by engaged scholars) and provide the necessary environment to support and enable SI.
- c.* An important aspect of the generation of SI is the development of social and citizenship values developed by members as a direct consequence of the organisational practices (transformation leading to equity and equality).
- d.* Organisational practices enable the development of personal skills and knowledge (human capital – human resources of a university), and the development of wider social networks, both within and beyond the organisation (bridging social capital).
- e.* The symbolic relationship between the institution and the context in which it is situated, is important to nourish and cultivate. Social capital within these stakeholder groups will impact on the institution and vice versa.
- f.* The institutional culture as well as the networks and contribution of individual members, contribute to social impact – universities create this through policy and by planning for SI.
- g.* The reciprocal relationship with society, will depend on the way the institution position itself and contributes to the social fabric. Society will respond favourably or unfavourably depending on the institution's impact on society.

5 Voorwaardes vir die Implementering van Sosiale Impak

5.1 Dit is duidelik dat 'n universiteit **'n doelbewuste voorneme en plan moet hê om sosiale impak toe te pas**. Beginnende met homself, behoort die universiteit bindings- sowel as oorbruggingskapitaal te bou. Dit beteken dat **die ontwikkeling van menslike kapitaal aan die universiteit regverdig** en nie-diskriminerend moet wees ten opsigte van kategorieë soos ras, klas, geslag, seksuele oriëntasie, bekwaamheidsvlakke, ens.

- 5.2 **Interdissiplinêre werk wat 'n veeldimensionele impak** op sosiale groepe **het** kan die vorm aanneem van die bou van oorbruggingskapitaal binne en buite die universiteit. **Terreine van SI behoort gesamentlik geïdentifiseer te word en die fokus daarop moet ook gesamentlik wees.** Hoe die universiteit intern funksioneer sal bepaal watter impak dit op die samelewing het.
- 5.3 Wanneer uitwaarts gekyk word is die mees basiese **voorvereiste vir die bou van enige kapitaal interaksie**, hetsy persoonlik, virtueel of 'n kombinasie van die twee.
- 5.4 Universiteite moet die **omvang van hul interaksie bepaal**, wat gerig kan word deur die voorgestelde viervoudige heliks van hoër onderwys waarna hierbo in 3.3 verwys is, naamlik besigheid, regering en burgerlike samelewing. Terwyl burgerlike samelewing-interaksies meestal op mikro- en mesovlak is, kan interaksie met die regering en besigheid meestal op meso- en makrovlak plaasvind.
- 5.5 Binne hierdie sferes moet **samewerkende navorsingsgeleenthede** versterk en uitgebrei word binne die raamwerk van nie net wetenskap vir die samelewing nie, maar ook wetenskap met die samelewing.
- 5.6 **Onderrigimpak kan bewerkstellig word deur internskappe, mentorskap en werkgeïntegreerde leer**, wat 'n uitwerking sal hê op die gehalte van gegradueerdes wat die universiteit lewer.
- 5.7 SI bou op die bates wat deur GI verkry is, maar verskil ten opsigte van omvang sowel as intensiteit. Elke universiteit sal SI anders in werking stel en bedryf volgens sy strategiese prioriteite. Aan die US behoort **gesonde teorie en konsepte** vir SI, en riglyne, modelle en raamwerke vir SI-praktyk verder ontwikkel te word. **Gesonde praktyke** wat oor tyd in **praktykgemeenskappe** binne sowel as buite die universiteit gekweek word, moet ontwikkel word.

6 Definisies

Die volgende definisies word vir die doel van hierdie Plan aangebied:

6.1 Sosiale impak: Sosiale impak is die evalueerbare verandering wat aangebring word:

- a. deur wedersyds voordelige assosiasies, samewerkings en vennootskappe tussen die universiteit (personeel, studente en alumni), en eksterne samelewingsvennote in die openbare, private en burgerlike samelewingsfere;
- b. op die grondslag van die universiteit se versweë kennis, vakkundige bedrewenheid en die samelewing se wysheid en ondervinding;
- c. deur innoverende voortreflike praktyke wat die aktiewe, verantwoordelike en kritiese burgerskap van studente en personeel prioritiseer.

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

- 6.2 *Vasgelegde Sosiale Impak* verwys na die integrering van SI by die noodsaaklike dimensies van al die akademiese en kokurrikulêre praktyke van die US deur die begrip verbonde akademieskap en verbonde burgerskap.
- 6.3 *Spesifieke Sosiale Impak* suggereer dat daar, benewens die vasgelegde SI-praktyk, spesifieke gekoördineerde, interdisiplinêre en interfakulteits-SI-inisiatiewe onderneem word om spesifieke samelewingsuitdagings gesamentlik, doelbewus en beslissend te hanteer.
- 6.4 *Sistemiese impak* is gerig op bewysgebaseerde veranderinge in 'n samelewingsfeer wat tot groter en sterker doeltreffendheid in die stelsel van daardie sfeer lei.
- 6.5 *Praktyke* is beliggaamde, materieel bemiddelde ritse menslike aktiwiteit wat sentraal georganiseer word rondom gedeelde praktiese insig.
- 6.6 *Sosiale groepering*: 'n Samestelling van mense met 'n gemeenskaplike belang wat gereeld doelbewus in interaksie tree, saamwerk aan 'n gemeenskaplike doel en baie naby mekaar woon (of nie woon nie) en wat hulself as 'n gemeenskap beskou (of nie beskou nie).
- 6.7 *Belanghebbes*: Enige persoon, organisasie, sosiale groep of die samelewing in die algemeen wat 'n wesenlike en samehangende belang in die SI-aktiwiteite van die US het en van binne of buite met die US geassosieer word.
- 6.8 *Vennootskap*: Voortgesette samewerking tussen 'n hoërondewysinstelling en samelewingsbelanghebbes oor geografiese grense heen (plaaslik, streek/staat, nasionaal, wêreldwyd) vir die wedersyds voordelige uitruiling van kennis en hulpbronne in 'n konteks van wederkerigheid.
- 6.9 *Burgerlike samelewing*: Al die nie-regeringsorganisasies en -instellings wat die belange en wil van burgers manifesteer. Dit sluit familie en die private sfeer in, waarna as die "derde sektor" van die samelewing verwys word, uitgeluit die politieke en ekonomiese sektore.

DEEL DRIE: VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN SOSIALE IMPAK

7 Beginsels van Sosiale Impak

- 7.1 **Samewerking** is 'n sleutelbeginsel van die US se SI, wat kollektiewe aksie waardeur om SI toe te pas. Die afwesigheid van samewerking met belanghebbes, binne of buite die Universiteit, sal nie as SI erken word nie. As 'n 21ste-eeuse universiteit

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

tree die US in interaksie met alle sfere van 'n demokratiese samelewing, soos verwoord in die sogenaamde Viervoudige Heliks waarna hierbo verwys is, naamlik **regering, bedryf en burgerlike samelewing**.

- 7.2 Hierdie Plan onderskryf die **etiese gedrag-bepalings** van die US, wat streng nagekom moet word wanneer met belanghebbers in interaksie getree word.
- 7.3 Die US aanvaar die beginsel van **wederkerigheid**, wat 'n impak op die universiteit sowel as die samelewing aandui op 'n wedersyds voordelige manier in al die sfere van die samelewing.
- 7.4 SI dra tot die samelewing by in verskillende **terreine**. Fakulteite sal op hulle onderskeie relevante terreine impakteer waar hulle in samewerking met ander uitblink.
- 7.5 Die basis van die SU se SI is sy leer-, onderrig- navorsingsdeskundigheid en dit omarm die idee van **verbonde akademieskap**.
- 7.6 Die SU erken die **vrywillige verbintenis** met die gemeenskap deur studente en personeel as deel van inisiatiewe deur hul departemente, afdelings, koshuise en verenigings. Die voortsetting en outonomie van sulke aktiwiteite word ondersteun binne die georganiseerde raamwerk wat deur hierdie Plan geskep is.
- 7.7 Die SU is daartoe verbind om aan die kriteria, riglyne en stipulasies van die Hoër Onderwys-gehaltekomitee te voldoen, soos gestel vir **gemeenskapsverbintenis van hoëronderwysinstellings**.

8 Doelstellings van Sosiale Impak

Die doelstellings van SI, in ooreenstemming met die IP, is langertermyn-doelstellings wat jaarliks in die rollende institusionele planne hersien sal word. 'n Mate van vordering is met die konseptualisering van SI gemaak, maar verdere navorsing is nodig. Die doelstellings is:

- 8.1 Konseptualisering en teoretisering van SI in hoër onderwys.
- 8.2 Vestiging van geïntegreerde, sistemiese SI-praktyke in fakulteite, professionele akademiese steunomgewings en studentestrukture.
- 8.3 Versterking en uitbreiding van institusionele vennootskappe vir uitgebreide SI.
- 8.4 Toon van aanspreeklikheid deur bewysgebaseerde evaluering van impak op die samelewing.

Die teoretiese en konseptuele raamwerk (Deel Twee) voorsien 'n voorlopige lens waardeur SI beskou kan word. Meer teoretisering en navorsing is nodig om SI te ontwikkel as 'n terrein van wetenskaplike ondersoek. Die ontwikkeling van praktyke is 'n onderneming vir 'n veel langer termyn en hierdie plan voorsien nie 'n diepgaande raamwerk vir praktykbou nie. Daar word verwag dat, namate SI groei en ontwikkel, beste praktyk sal vestig. Die US

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

het met verloop van tyd vele verhoudings gebou met 'n groot verskeidenheid vennote en verskillende tipes assosiasies, samewerkingsituasies en formele vennootskappe. Hierdie vennootskappe sal moontlik binne die SI-paradigma verdiep en uitbrei. Een van die terreine wat nie ten volle ontwikkel is nie, is hoe om SI te meet en te evalueer. Die ontwikkeling van prestasie-aanwysers en 'n strategiese bestuursaanwyser vir SI is 'n prioriteit.

9 Belyning van Sosiale Impak met die Institusionele Voorneme en Strategie

Die tabel hieronder toon die instelling op die IVS en dui al die terreine aan waar die Universiteit na binne en buite mag impakteer.

SOSIALE IMPAK BELYNING MET DIE INSTITUSIONELE VOORNEME EN STRATEGIE				
Kenmerke:	Inklusief	Innoverend	Toekomsgerig	Transformasie
Visie				
Deskundigheid/ Bevoegdheids- basis	Bevorder inklusiewe ontwikkeling en innovering	Institusionele verbonde akademieskap	Nuwe kennis markte	Personeel verantwoordelike burgerskap
Diversiteit	Verbreding van toegang	Bereik nuwe Sfeer van samelewing	Skep van opvoedkundige en beroeps geleenthede	Sosiale verandering en sosiale geregtigheid
Studentesukses	Vestiging van omvattende landelike platforms en veeldoelige sentra	Versterk Voorbereiding van leerders vir Universiteit studie	Gegradueerde-eienskappe	Kritiese burgerskap

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

Sistemiese Volhoubaarheid	Sosiale Impak-Strategiese Plan Samewerkende kultuur	Sosiale Impak Kennisplatform Finansiële Volhoubaarheid	Bemiddeling & bestuur van gespesifiseerde kategorieë van vennootskappe	Bou van sosiale kapitaal
----------------------------------	---	---	--	--------------------------

Elke terrein verteenwoordig 'n strategie om die doelwitte van SI te bereik. Party van die strategieë het reeds gewerk deur GI en dit het oor die afgelope dekade aansienlik gevorder (Kyk par. 2). Die terreine in die swart gedeeltes word vir die volgende drie jaar geprioritiseer. Die terreine in wit teks het betrekking op eksterne belanghebbers en swart teks het betrekking op interne belanghebbers en prosesse.

Die terreine van impak is geïdentifiseer met verloop van baie jare van noue samewerking en die koestering van verhoudinge met die burgerlike samelewing. Die gemeenskapsleiers in en rondom Stellenbosch het die opvoedkundige en beroepsgeleenthede sterk verwoord en het spesifiek meer steun van die Universiteit by skole gevra ten einde die aantal studente wat uit hierdie gemeenskappe aan die US studeer te verbeter. Die landelike platform-inisiatief fokus spesifiek op die werwing en opleiding van landelike gesondheidspraktisyns vir landelike gebiede terwyl longitudinale kliniese blootstelling in plattelandse hospitale, klinieke en gemeenskappe aan studente gebied word.

Die samewerkende aard van SI bied potensiaal vir die ontwikkeling van twee hoof tipes SI-programme.


1. Fakulteitsgespesialiseerde programme, bestaande uit verbonde inisiatiewe uit verskillende departemente in die fakulteit. Hierdie programme kan die vorm aanneem van of ontwikkel in veeldoelige sentra waar studente en personeel mag deelneem om 'n veeldisiplinêre impak te verkry. Dit kan bestaande sentra wees wat herskep kan word om meer departemente en ander fakulteite te akkommodeer, soos die Regshulpkliniek en die Welgevallen-Sielkundekliniek.
2. Tematiese institusionele programme wat uit veelvoudige inisiatiewe bestaan wat op dieselfde sektor of sfeer van die samelewing fokus. Die huidige skoolsteunprogram van die Stellenbosch Universiteit Sentrum vir Opvoedkunde Pedagogiek (SUNCEP) en Hope@Maties, aangevul deur ander inisiatiewe by die US is voorbeelde van sulke tematiese programme. Vennootskappe met die regering en besigheid sal 'n kritieke rol speel met die realisering van hierdie inisiatiewe en programme. 'n Opdrag vir die suksesvolle uitsondering van SI-geleenthede is 'n bevorderlike toegangspunt vir belanghebbers. Die ASI (Kyk hieronder par. 13.2) konsentreer op die bou van eksterne verhoudinge deur netwerking, maar die betrokkenheid van eksterne rolspelers moet

verder deur 'n sentrale toegangspunt gefasiliteer word, soos die beplande Sosiale Impak-platform (Par. 14)

10 Sosiale Impak Tipologie

SI vind plaas deur 'n verskeidenheid mediums waarvan verbonde akademieskap en verbonde burgerskap die basis van die US se SI vorm. Die akademiese basis van die tipologie is veranker in verbonde akademieskap (gerig op die IVS) wat dui op: vakkundigheid van hoë gehalte van die universiteit se akademië; vakkundigheid van een of meer vorms; verbondenheid van sowel universiteitsakademië (en studente) as die samelewingsvennoot wat samewerkend betrokke is sodat daar 'n wedersyds voordelige vennootskap tussen die universiteit en die samelewing is; doelbewuste openbare voordele. Verbonde burgerskap sluit verbonde akademieskap in, maar sluit ook die persoonlike verantwoordelikheid van mense in wat by alledaagse lewe betrokke is deur hul inherente natuurlike vermoëns om vir ander om te gee, algemeen bekend as versweë kennis.

Verbonde akademieskap manifesteer in verbonde leer en onderrig en verbonde navorsing en innovasie; terwyl verbonde burgerskap manifesteer in vrywilligersdiens en spesiale programme (Kyk grafiese voorstelling hieronder).



Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

- 10.1 Verbonde leer en onderrig* verwys na 'n vorm van onderrig en leer wat van 'n kurrikulêre of kokurrikulêre aard mag wees, vir akademiese krediet assesseerbaar is en gestruktureerde refleksie deur leerders en opvoeders insluit. Dit is veranker in wederkerige voordeel vir alle betrokkenes en omvat alle pedagogiese praktyke wat ervaringstipe leer verkies waar kennis sosiaal aangeleer word en aktiwiteitsgebaseer is. Dit is gerig op die fasilitering van studenteorgang van die universiteit na die werkplek, word geassosieer met samewerkende onderrigpraktyk waar professionele persone in die praktyk mentors en mede-opvoeders van studente word en geleenthede vir samewerkende navorsing verskaf wat op onderrigpraktyk fokus. Studente word gementor tot 'n nuwe geslag verbonde kritiese burgers en aktiveerders van sosiale verandering.
- 10.2 Verbonde navorsing* is navorsing wat inklusiewe deelnemende en samewerkende metodologië, soos deelnemende aksienavorsing, gebruik; sowel as navorsing wat prominente temas van die volhoubare ontwikkelingsdoelstellings en die Nasionale Ontwikkelingsplan hanteer, soos sosiale kohesie en nasiebou, menslike ontwikkeling, armoede en ongelykheid, transformasie, sosiale geregtigheid, staatsvermoë, opvoedkundige uitkomst, werkgeleenthede en lewensbestaan, innovasie, sport en gesonde lewenstyle, gesondheidsorg en volhoubaarheid. Verbonde navorsing bevorder wetenskap met die samelewing eerder as wetenskap vir die samelewing. Die US erken dat die generering van kennis ter wille van kennis belangrik is en indirekte SI mag hê, maar SI deur navorsing word die beste bereik deur verbonde navorsing.
- 10.3 Verbonde burgerskap*, bv. studentevrywilligersdiens as 'n gestruktureerde, kokurrikulêre leerondervinding; personeel- en alumni-vrywilligersdiens as voorbeelde van verantwoordelike aktiewe burgerskap; en openbare diens wat deur US-personeel verskaf word, gebaseer op hulle kundigheidsterreine, wat die kapasiteit van samelewingsorganisasies en -instellings verhoog.
- 10.4 Verskeie SI- spesiale programme* in fakulteite en in die breër universiteitsopset bevorder die SI van die Universiteit. Benewens fakulteitsinisiatiewe is Maties Sport, INNOVUS, die Museum en Woordfees met hulle meegaande entiteite, naamlik Woorde open Wêreld, die BUYA-projek en die Universiteitskoor ander voorbeelde van universiteitswye ondernemings.
- 10.5 Samelewingsinteraksie en die bou en diensbetoon aan vennootskappe* met eksterne sosiale vennote met wie die US op 'n wedersyds volledige wyse skakel, is 'n verdere komponent van SI. Samelewingsinteraksie is 'n noodsaaklikheid vir verbonde akademieskap. Deur middel van vennootskappe is toegang tot universiteitsfasiliteite en ontwikkelingsgeleenthede nuwe aanbiedings. Die

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

Universiteit is betrokke by onder-na-bo burgerlike samelewing-gebaseerde projekte wat bemiddeling en solidariteit bou in sosiale groeperinge in sy nabye omgewing. Dit verkry verandering deur op die bou van sosiale kapitaal te fokus, wat hierdie groepe in staat sal stel om verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling te aanvaar. Die Universiteit tree in vennootskap met die regering en besigheid deur innoverende praktykkennis wat ekonomiese ontwikkeling en infrastruktuur-ontwikkeling volhoubaar ondersteun.

Hierdie tipologie voorsien 'n struktuur vir inisiatiewe om versweë, spesiale en sistemiese SI te hanteer wat fokus op al die impakterreine wat in die IVS -belyningstabel hierbo aangedui is. Hoewel navorsing en onderrig individuele inisiatiewe kan wees, kan hulle op fakulteits- en tematiese programme ingestel wees.

11 Kriteria vir Sosiale Impak

Ondanks die verankertheid van SI in die kernfunksies, onderskei spesifieke kriteria SI van alledaagse praktyke. Hierdie kriteria dui op die wyse waarin alle SI-praktyke beplan, uitgevoer en geëvalueer sal word.

- 11.1 Samewerkende interaksie tussen die Universiteit en 'n besondere sosiale groepering, organisasie of instelling.** Die filosofie wat hierdie kriterium onderskryf is dat verbonde akademieskap kan slegs plaasvind wanneer daar direkte of indirekte verbintenis is met die samelewing en samelewingsuitdagings. Die verandering wat SI impliseer is in verhoudinge gebaseer.
- 11.2 Die aktiewe betrokkenheid van studente en personeel in SI inisiatiewe wat kurrikulêre, navorsings- en ander geleenthede bied.** Vir studente moet hierdie geleenthede tot die ontwikkeling van Universiteit Stellenbosch-gegradueerde kenmerke bydrae, naamlik ondersoekende intellekte, lewenslange leerders, holistiese persone, dinamiese professionele persone en verantwoordelike burgers.
- 11.3 Aksies is gebaseer op volhoubare bate-gebaseerde ontwikkelingsprosesse en praktyk wat deur geformaliseerde plaaslike, nasionale en internasionale ontwikkelingsdoelstellings ingelig is.** Die belang van volhoubaarheid van ontwikkelingsprogramme en die praktyke waarborg die kriterium. Plaaslike doelstellings is normaalweg ingesluit in die GOP's van munisipaliteite. Provinsies mag ook PSD's hê. Die SI van die US fokus gebruik egter die NOP en die VOD's as 'n verwysingsraamwerk vir SI. Dit impliseer nie dat SI-inisiatiewe die uitdruklike behoeftes van vennote moet ignoreer nie. Die wederkerigheidsbeginsel onderstreep die belangrikheid van voordeel en deelname van alle belanghebbers van 'n spesifieke inisiatief.
- 11.4 Uitreikinisiatiewe verbreed toegang tot opvoedkundige en beroepsontwikkelingsgeleenthede aan diegene aan wie vroeër nie toegang**

verleen is nie. Uitreikinisiatiewe is spesifieke inisiatiewe wat op verbetering van bemiddeling en emansipasie van spesifieke groeperinge gerig is. Hierdie inisiatiewe kulmineer dikwels in programme wat toegang tot opvoedkundige en/of beroepsontwikkelingsgeleenthede verbreed, veral vir diegene vir wie toegang tot hierdie geleenthede vroeër geweier is. Hierdie inisiatiewe behoort gekoördineer te word met bestaande projekte en programme in die samelewing.

11.5 Mededeelsame inisiatiewe staan nie alleen nie, maar is 'n aktiveringsmeganisme van volhoubare ontwikkelingsprosesse. Mededeelsame inisiatiewe soos klerasie-uitdeelgeleenthede en eenmalige voorsiening van hulpbronne versterk bestaande programme in die samelewing. Daarom behoort hierdie inisiatiewe nie alleenstaande en voortgaande te wees nie, maar eerder 'n bemagtigingsmeganisme van volhoubare ontwikkelingsprosesse.

12. Beheer en toesig van Sosiale Impak

12.1 Toesig en beheer op institusionele vlak

Aangesien SI in omtrent alle aspekte van die universiteitsfunksies verweef is en dit 'n institusionele strategiese prioriteit is, is die beheer en bestuur daarvan ingevolge die Universiteitstatuut die verantwoordelikheid van die Senaat van die Universiteit. Die Senaat moet 'n vaste Sosiale Impak-komitee van die Senaat [SIK(S)] vestig. Die reëls van die SIK(S) stipuleer die samestelling en mandaat van die SIK(S). Die SIK(S) beheer en bestuur die strategiese operasionalisering van SI en is verteenwoordigend van fakulteite, studentestrukture en relevante steunafdelings.

12.2 Toesig en beheer op fakulteitsvlak

- a. Dekane van fakulteite is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat SI-aksies trou bly aan die bepalings van die Plan.
- b. Die Plan verskaf die mandaat vir die vestiging van 'n fakulteitskomitee om die strategie, doelstellings, waardes en implementering van SI in die fakulteit te beheer en bestuur volgens hierdie Plan.
- c. Fakulteite identifiseer fokusterreine in hul deskundigheidsveld waar hulle die maksimum impak in die samelewing in spesifieke domeine sal hê.
- d. SI is ingesluit by die waardebeplanning van personeel soos deur elke fakulteit bepaal en hul bydrae tot die suksesvolle implementering van hierdie Plan se opdrag. Samewerking tussen departemente in 'n fakulteit en oor fakulteitsgrense heen word gefasiliteer deur die fakulteitskomitee verantwoordelik vir SI.
- e. Fiskale hulpbronne vir SI word deur die dekaan bestuur en versprei in samewerking met die SI-komitee, wat besluit watter strategiese inisiatiewe om finansiële te ondersteun.

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

- f. Fakulteite maak voorsiening vir konsultasie met samelewingsvennote binne hul eie bestuursraamwerke deur strukture soos adviesrade.
- g. Etiese navrae wat nie op fakulteitsvlak opgelos kan word nie moet na die hoof van die Afdeling vir Sosiale Impak (ASI) verwys word.

12.3 Toesig en beheer op studentevlak

- a. Studente neem deur kurrikulêre en kokurrikulêre aktiwiteite aan SI deel.
- b. Kurrikulêre sosiale impak vind deur verbonde leer- en onderrigaktiwiteite plaas wat kredietdraend en deel van die kurrikulum is. Hierdie aktiwiteite word deur fakulteitstrukture, die institusionele programadvieskomitee en met ondersteuning deur-verteenwoordigers in elke fakulteit beheer en bestuur.
- c. Kokurrikulêre en vrywilligersaktiwiteite word beheer en bestuur deur 'n vennootskap tussen die Studenteraad (SR) en die ASI. Die SR is die hoogste liggaam van studenteverteenwoordiging aan die Universiteit.
- d. Die studenteorganisasies is verantwoordelik vir die bestuur van hul eie SI-inisiatiewe volgens die SISP-raamwerk met steun en leiding van die Eenstopdiens van die ASI.

12.4 Toesig en beheer in Professionele Administratiewe Steundiens (PASD)

- a. PASD-lynbestuurders is verantwoordelik om te verseker dat SI-aksies die bepalinge van die SISP nakom. PASD verskaf aktiveringsteun aan fakulteite en studente om SI te verbeter.
- b. PASD-afdelings maak in hul eie bestuursraamwerke voorsiening dat personeel by SI-aktiwiteite betrokke raak waar oordrag van vaardighede en professionele en versweë kundigheid tot sosiale verandering kan lei.
- c. PASD is strategies geïmplementeer om sosiale entrepreneurskap te verbeter en mediums van sistemiese sosiale impak in hul deskundigheidsveld mag raak.

13. Bestuur van Sosiale Impak

13.1 Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)

SI val in die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (VR: SITP), wat institusionele verantwoordelikhed vir SI aanvaar. Hierdie plasing verseker noue samewerking tussen die Rektor se bestuurspan (RBS), wat topbestuur insluit wat vir die kernfunksies leer en onderrig en navorsing en innovasie verantwoordelik is.

13.2 Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie (SD: SIT)

Die senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, wat onder andere die operasionele funksies van die Afdeling vir Sosiale Impak (ASI) bestuur, adviseer die VR:SITP en rapporteer aan hom. Die ASI bevorder die imperatief van SI oor die

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

instelling heen deur die skep van 'n bevorderlike omgewing om samelewingsinteraksie te verbeter en impak te fasiliteer. Die Afdeling funksioneer as die primêre intrepunt van die US se SI en *fasiliteer, ondersteun en aktiveer* US-fakulteite en PASD om inisiatiewe te ontwikkel na programme oor die kernfunksies, vrywilligersaktiwiteite en spesiale projekte van die US. Die ASI tree as makelaar op en handhaaf verhoudinge wat groei tot volhoubare institusionele vennootskappe met 'n groot verskeidenheid belanghebbers in die burgerlike samelewing, besigheid en regering.

13.3 Strategieë en aktiwiteite vir Sosiale Impak

Die strategieë wat voortvloei uit die belyning met die IVS is soos volg:
(Strategie 1-4 is daarop gerig om SI te aktiveer deur die kernfunksies en vrywilligersdiens. Strategie 5-8 is dwars gerig en sal die eerste vier strategieë versterk.)

- **Strategie 1:** Institutionalisering van verbonde akademieskap
- **Strategie 2:** Fasiliteer vrywilligergeleenthede vir alle belanghebbers
- **Strategie 3:** Verbreed toegang, verhoog deelname en skep ontwikkelingsgeleenthede vir voorheen uitgesluite gemeenskappe deur te fokus op die 'verlore generasie' tussen skool en tersiêre onderrig.
- **Strategie 4:** Vestig en versterk die impak van landelike platforms, veeldoelige sentra en verseker die volhoubaarheid en impak van gespesialiseerde programme.
- **Strategie 5:** Vestig, handhaaf en koester doelbewuste vennootskappe met geselekteerde vennote in 'n viervoudige heliks-paradigma.
- **Strategie 6:** Vestig 'n Sosiale Impak-platform (SIP) saam met die vorming van oorkoepelende tematiese programbestuur.
- **Strategie 7:** Formuleer en handhaaf strategiese plan, strukture en hulpbronne om die volhoubaarheid van SI te verseker.
- **Strategie 8:** Moedig sosiale innovering en entrepreneurskap aan.

Die strategieë vorm deel van die sakeplan van die ASI op 'n rollende jaarlikse grondslag. Die ASI het elkeen van hierdie strategieë met prioriteite, doelstellings, aktiwiteite en tydraamwerke uitgepak in sy strategiese plan en jaarlikse sakeplan. Fakulteite en PASD-omgewings kan hul beplanning vir SI aan hierdie strategieë koppel.

Die ASI is die eerste toegangspunt tot die Universiteit vir 'n verskeidenheid belanghebbers, naamlik die burgerlike samelewing, besigheid, regering en hoër onderwys. Verteenwoordigers van die burgerlike samelewing beskou die Universiteit as 'n hulpbron waaruit hulle kan voordeel trek, terwyl die ander drie belanghebbergroepe meestal geleenthede soek om vennootskappe te vorm en voordeel te trek uit die kennisekologie waartoe die Universiteit 'n groot bydraer is. Die ASI speel 'n groot rol as makelaar in hierdie verhoudinge tussen belanghebbers sowel as Universiteit-samelewingsbelanghebbervennootskappe.

13.4 Die DSI's se funksies is:

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

- a. Kapasiteitsbou vir interaksie en samewerking binne die Universiteit (vir akademië, studente en professionele akademiese steundienspersoneel) en met eksterne vennote;
- b. Bied ondersteuning aan fakulteit SI-komitees en adviseer dekane oor SI-gerelateerde sake in die fakulteit;
- c. Verskaf administratiewe steun aan die SIK(S);
- d. Identifiseer geskikte en geloofwaardige vennote en beding samewerkende inisiatiewe, programme en navorsingsgeleenthede vir personeel en studente;
- e. Ontwikkel verhoudinge met die burgerlike samelewing, bedryf, plaaslike, provinsiale en nasionale regering en fasiliteer memoranda van ooreenkoms tussen hulle en die Universiteit;
- f. Handhaaf en koester verhoudinge vir wedersydse voordeel (bou van sosiale en verhoudingskapitaal);
- g. Ondersteun en adviseer die VR:SITP oor Planherstelling en -ontwikkeling;
- h. Voorsien en onderhou 'n moniterings- en evaluering SI-platform;
- i. Bevorder en profileer SI-aktiwiteite in en buite die instelling.

13.5 Interne skakelings van die Afdeling vir Sosiale Impak

Die huidige goeie werksverhouding tussen die ASI en die volgende US-entiteite moet gehandhaaf en gekoester word:

- a. **Fakulteite:** 'n Toegewyde ASI-vertegenwoordiger werk nou en voortdurend saam met elke fakulteit ten opsigte van die institusionalisering van SI deur die kernfunksies en ondersteun die fakulteit-SI-komitees. Fakulteit word verteenwoordig in die Sosiale Impak-komitee (Senaat).
- b. **Afdeling Navorsingsontwikkeling:** Veral ten opsigte van die bevordering en sigbaarheid van verbonde en gemeenskapsgebaseerde navorsing.
- c. **Afdeling vir Leer- en Onderrigbevordering:** Veral ten opsigte van verbonde leer en onderrig (bv. diensleer en werkgeïntegreerde leer).
- d. **Studentesake:** Veral ten opsigte van studentevrywilligerswerk en leierskapsontwikkeling.
- e. **Afdeling Menslike Hulpbronne:** Veral ten opsigte van personeel-vrywilligerswerk as 'n komponent van die US-personeel se Welwees-inisiatief.
- f. **Afdeling vir Voornemende Studente** en SUNCEP: Veral ten opsigte van skoolontwikkelingsprogramme en werwing, sowel as die aanbieding van die Skole-interaksieforum as institusionele koördineringsmeganisme.

- g. **Ontwikkeling en Alumniverhoudinge:** Veral ten opsigte van die identifisering van relevante SI-projekte vir befondsing, sowel as alumni-vrywilligersdiens en befondsing.
- h. **Informasietegnologie, Afdeling Menslike Hulpbronne en Institusionele Navorsing & Beplanning omgewings:** Veral ten opsigte van die SI-Platvorm.
- i. **Korporatiewe Kommunikasie:** Veral ten opsigte van profilerings en beklemtoning van die US se SI-inisiatiewe.
- j. **Finansies** ten opsigte van die ontwikkeling van 'n volhoubare finansiële plan vir Sosiale Impak.
- k. **InnovUS:** Veral ten opsigte van sosiale innovering en deel van kennis oor kortkursusse.
- l. **Transformasiekantoor:** Veral ten opsigte van die koppeling van institusionele transformasie-inisiatiewe met breër, verwante gemeenskapsinisiatiewe.
- m. **Maties Sport.**
- n. **Woordfees** en ander verwante kuns en kultuur entiteite.

14. Evaluering and beoordeling van Sosiale Impak

- 14.1 Die vestiging en uitrol van 'n Sosiale Impak-platform (SIP) word beplan, wat 'n datapakhuis behels wat gebaseer is op die *science shop*¹³-model waar belanghebbers met mekaar skakel. Die insetfunksie maak voorsiening vir die plasing van geleenthede terwyl die datanavraag voorsiening maak vir die opneem van geleenthede. Belanghebbers kan hul besonderhede invul en geleenthede aan ander bied om deel te neem aan hul inisiatiewe, terwyl ander die aanbod mag aanvaar en deelneem. Interne sowel as eksterne belanghebbers van die US het herhaaldelik die behoefte aan so 'n stelsel verwoord waar belanghebbers met mekaar op 'n elektroniese skakelingsvlak-platform kan kommunikeer.
- 14.2 Deur die gesamentlike behoeftes in aanmerking te neem, sal die SI-platform 'n kollektiewe instrument wees wat dan vir sake-analise, verslaggewing, monitering en evaluering, publikasies, ens. gebruik kan word.

¹³ *Science Shops* is nie 'winkels' in die tradisionele sin van die woord nie. Hulle is klein entiteite wat wetenskaplike navorsing in 'n groot verskeidenheid dissiplines uitvoer –gewoonlik kosteloos –en ten behoeve van burgers en die plaaslike burgerlike samelewing. Die feit dat *science shops* reageer op die burgerlike samelewing se behoeftes aan deskundigheid en kennis is 'n sleutelement wat hulle van ander kennisoordragmeganismes onderskei. (Kyk <http://www.livingknowledge.org/science-shops/about-science-shops/>)

Sosiale Impak Strategiese Plan (Goedgekeur 25 November 2016)

- 14.3 Daar word verwag dat tematiese programme van enkel- en groepinisiatiewe wat deur die platform gekanaliseer word, sal voortvloei. Die ASI sal die samewerking van die tematiese programme fasiliteer en koördineer.
- 14.4 Monitering vind plaas deur die registrasie van inisiatiewe van een of meer persone wat op die platform geplaas is en wat 'n evalueringsmeganisme met bewysgebaseerde indikatore van sistemiese impak insluit.
- 14.5 SI-inisiatiewe word geëvalueer volgens die kriteria soos in die Plan gestel. Aangesien samewerking 'n sleutelkenmerk is, word verwag dat fakulteite SI-programme sal ontwikkel van die inisiatiewe wat voortkom en gebaseer is op die kundigheid van departemente (Kyk par.3). Multidissiplinêre tematiese programme mag oor fakulteite heen ontwikkel, wat pas by 'n besondere sfeer in die samelewing.
- 14.6 Alle SI-inisiatiewe en programme onder die beskerming van die Universiteit moet op die SIP geregistreer wees om gehalte en etiese bestuur te verseker.
- 14.7 Die bydraes van individuele personeellede tot SI-programme behoort deel te vorm van hul prestasie-aanwysers, wat deur elke fakulteit se riglyne bestuur word.
- 14.8 Die SIP sluit 'n goedkeuringsproses in wat verpligtend vir alle SI-inisiatiewe is. Dit bestaan uit drie stappe:
- Die Afdeling vir Sosiale Impak keur die inisiatief goed ten opsigte van volledigheid van inligting.
 - Die departementshoof keur die inisiatief goed ten opsigte van samewerking, geldigheid en relevansie in die departement en die inligting wat in die rekord vervat is.
 - Die dekaan van die fakulteit keur die inisiatief goed ten opsigte van samewerking, geldigheid en relevansie in die fakulteit en die inligting in die inisiatief-rekord vervat.
- 14.9 'n Prestasie-aanwyser vir SI moet ontwikkel word. Daar word voorgestel dat die logiese model vir evaluering aangepas en ontwikkel word in 'n afdeling van evaluering wat die prestasie-aanwyser sal bereken.

Figuur: Logiese model van evaluering

Insette	Aktiwiteite	Uitsette	Uitkomste	Impakte
Wat gaan in, hulpbronne	Wat gebeur, program implementering	Spesifieke onmiddellike en telbare produkte van die program	Voordele van die program soos geïdentifiseer in die program doelstellings	Volhoubare, beduidende verandering in die breër omgewing buite

				die onmiddellike grense
--	--	--	--	-------------------------

14.10 Elke inisiatief wat op die SIP geregistreer is behoort die insette, verwagte uitsette en uitkomste in te sluit. Aktiwiteite en praktyke sal aandui hoe die inisiatief geïmplementeer is of geïmplementeer sal word. Die eerste vlak van evaluering sal die belyning met die SI-kriteria en die volhoubare beplanning van die inisiatief, soos hierbo beskryf, wees. Die tweede vlak sal die beoordeling van die doelwitte wees en of dit bereik is. Die instelling op geformaliseerde doelstellings (bv. PSD's) sal op vlak 2 'n hoër telling verdien. Die derde vlak van evaluering sal bewysmateriaal en impakte op 'n sistemiese vlak wees in 'n besondere sfeer van die samelewing wat op geformaliseerde doelstellings gerig is. Die ontwikkeling van so 'n aanwyser is in sy ontstaanfase en behoort verder ondersoek te word.

15. Finansiële volhoubaarheid van SI

Die VR:SITP en die SD:SIT, in samewerking met die RBS, fakulteite en die PASD omgewing aanvaar verantwoordelikheid om die finansiële volhoubaarheid van SI in die instelling te verseker. Vasgelegde SI, wat veranker is in leer en onderrig, navorsing en innovering, behoort by die volhoubaarheidsbeplanning van 'n akademiese program of 'n navorsingsinisiatief ingefaktoreer te word. Die ASI bou en handhaaf verhoudinge met organisasies wat samewerkingsgeleenthede vir die kernfunksies en minstens 'n deel van die navorsingsbefondsing bied.

In die lig van die bogenoemde is dit duidelik dat die finansële volhoubaarheid van SI 'n prioriteit behoort te wees. Daar word voorgestel dat 'n finansiële plan vir SI die volgende insluit en voorsiening maak vir:

- Die vestiging van 'n SIP
- Herkanalisering van steun vir vlagskipprojekte aan fakulteite en 'n jaarlikse begroting vir fakulteite;
- Uitbreiding van steun vir diensleer en werkgeïntegreerde leermodules;
- Uitbreiding van steun vir samewerkende, verbonde navorsing-projekte;
- Om die steun vir kokurrikulêre SI in die hoofstroom te plaas met vrywilligersgeleenthede vir studente sowel as personeel; en
- 'n Daadwerklike poging om 3de en 4de geldstroom-befondsing vir tematiese en spesiale samewerkingsprogramme te verkry.

16. Gevolgtrekking

Hierdie plan is nie allesomvattend nie en kan as 'n riglyn dien om die implementering van SI vir die volgende vyf jaar te lei. Meer navorsing en teoriebou behoort veral in Suid-Afrika gedoen te word om hierdie nuwe ondersoekveld op te bou. Gebaseer op hierdie teoriebou, behoort 'n Sleutelprestasi-aanwysers vir Sosiale Impak gefinaliseer te word. Die begrip sosiale impak in 'n hoërondewys-konteks bestaan reeds internasionaal. Dit verskaf 'n verwysingsraamwerk vir werk in hierdie veld in die toekoms.